Nuusbrief 179

24 Mei 2012

SAWPA STREEK VERGADERINGS

Ons nooi u graag uit na die volgende rondte streekvergaderings.

LIMPOPO	**4 JUNIE 2012 10:30**	**Lalapanzi N1 tussen Polekwane & Louis Trichardt**
MPUMALANGA	**6 JUNIE 2012 10:30**	**Cradle of Life Toerisme Sentrum Badplaas**
KWA-ZULU NATAL	**8 JUNIE 2012 10:30**	**Ascot Konferensie sentrum 217 Woodhouse weg Scottsville, Pietermaritzburg**
GAUTENG	**11 JUNIE 2012 10:30**	**Shuma Valley Lodge Pelindaba pad Lanseria**
SUID/OOS KAAP - GEORGE	**13 JUNIE 2012 10:30**	**Pine Lodge Hv Saasveld en Knysna weg George**
WES KAAP - STELLENBOSCH	**15 JUNIE 2012 10:30**	**Hout Wetenskappe Department Universiteit van Stellenbosch**

ALLE VERGADERINGS BEGIN OM 10H30

Vir bespreking en ete doeleindes moet u asb vir Sue laat kontak by 011 974 1061 of sawpa@global.co.za of u sal bywoon of nie.

Sien aangehegte voorlopige agenda

GEVAARLIKE AFVAL VERWYDERING

Lede word weereens herinner daaraan die Afval Bestuur Regulasies gepubliseer in Julie 2009 vereis dat enige persoon wat ‘n afvalbestuurmaatskappy bedryf, gelisensieer en goedgekeur moet wees. Indien nie sou so ‘n persoon dit onwettig doen. Die praktiese implikasie is dat maatskappye wat afval stoor, behandel en verwyder, kundiges in die gebied moet wees, d.w.s. dit moet hulle spesialiteitveld en kernbedrywigheid wees. Verskaffers van houtverduursamingsmiddels is dus nie bevoeg om dit te doen nie en kan dus nie gevaarlike afval namens hulle kliënte, soos in die verlede, verwyder nie. Die onderwerp is ook op die agenda vir die komende streekvergaderings waar die implikasies, vrese en moontlike oplossings weer bespreek sal word.

THE WOOD FOUNDATION – AANSTELLING VAN UITVOERENDE BEAMPTE

Dit is vir SAWPA aangenaam om bekend te maak dat Mnr Keith Rudd onlangs aangestel is as Uitvoerende Beampte van die WOOD FOUNDATION. Keith was deel van die aanvanklike uitvoerende komitee wat die Timber Marketing Forum (nou The WOOD FOUNDATION) op die been gebring het en ons verwelkom hom weer aan boord. Keith is afkomstig uit die houtraamhuisbedryf waar hy ook vir 10 jaar die president van die TFBA was wat nou bekend is as die ITFB (Institute for Timber Frame Builders). Die uitvoerende komitee van die Wood Foundation het besef dat daar ‘n behoefte was aan ‘n toegewyde persoon om die doelwitte en take van die Wood Foundation te dryf. Keith se kennis en passie vir hout, sal waarlik tot ons voordeel strek. Keith is ook ‘n vurige ondersteuner van die gebruik van verduursaamde hout en ondersteun reeds ‘n geruime tyd dat verduursaamde strukturele hout in

alle streke van Suid Afrika gebruik moet word. Hy het reeds ‘n groot rol gespeel daarin om negatiewe wanpersepsies van houtgeboue by die breë publiek hok te slaan. Vir meer inligting kan u gerus die volgende skakel besoek: http://www.thewoodfoundation.co.za/newsletters/may2012/welcome_keith.htm

DEPT VAN LANDBOU – REGISTRATEUR WET 36 van 1947

HERNUWING VAN LANDBOU MIDDEL REGISTRASIES

Al Chemiese verskaffers word verwys na die aangehegte kennisgewingsbrief van die Registrateur van Wet 36 van 1947 waarin registrasie houers wan landboumiddele (ingesluit houtverduursaming-middels) in kennis gestel word van die moontlike verval datum van registrasies teen 31ste Mei 2012.

INLIGTING BROKKIES

- Promosie biljette en muurkaarte – Lede word herinner om gebruik te maak van die inligtingstukke en muurkaarte wat SAWPA beskikbaar stel teen geen koste nie. Vir meer inligting kan u ons webtuiste besoek of ons kontak. Ons het ook gelamineerde A3-weergawes van die onlangse inligting- stuk oor “CCA Treated Wood – Safety, handling, use and disposal warnings”.
- Besoeke aan die SAWPA webtuiste gedurende April was 37573.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.

PROVISIONAL AGENDA FOR JUNE 2012

SAWPA REGIONAL MEETINGS

1. Welcome and apologies
2. Approval of the previous minutes
3. Matters to be added under agenda items 4, 5 and 6
4. Regional Affairs

   4.1

   4.2

5. National concerns:

   5.1 SANS Product Standards – Presentation of changes made

   5.2 NRCS update and feedback

   5.3 Creosote shortage – Outcomes following industry meeting of 7 May

   5.4 Hazardous Waste disposal

   5.5 Statistics??

   5.6 Expiry/validity of dates on pole markers

   5.7 Safety and warnings on treated timber

   5.8

   5.9

   5.10

6. General - Open discussion

   6.1

   6.2

7. Appointment of regional chairperson/vice chairperson

8. Close of meeting (12:30)

   a. All invited for lunch